Die kriteria waarvolgens die opstel geassesseer sal word, is m.b.v. 'n matriks georden en die matriks sal gebruik word vir die toekenning van 'n simbool aan 'n opstel. Beide die inhouds- en aanbiedingsasse is in sewe vaardigheidsvlakke verdeel. Elke vlak met sy kriteria wat gebruik sal word om 'n opstel te assesseer.



AANBIEDING	VLAK 1 Het ge-analiseer en historiese verklarings gemaak. Goed beplande en gestruktu-reerde opstel.	VLAK 2 Het ge-analiseer en historiese verklarings gemaak. Goed beplande en gestruktu-reerde opstel.	VLAK 3 Poog om te analyseer en historiese verklarings toe te pas. Goed beplande en gestruktu-reerde opstel.	VLAK 4 Poog om te analyseer en historiese verklarings toe te pas. Opstel in 'n sekere mate beplan en gestruktureerd.	VLAK 5 Analise en historiese verklarings in 'n sekere mate toegepas. Poging tot strukturering.	VLAK 6 Analise en historiese verklarings soms of glad nie gemaak nie. Geen duidelike struktuur nie.	VLAK 7 Geen analises en historiese verklarings nie. Geen struktuur nie. Onlogies (tot 'n sekere mate).
INHOUD							
VLAK 1 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie is ten volle relevant tot gedagterigting wat gevolg is.	A+ 47 - 50	A 43 - 46	A- 40 - 42			A: 120 – 150 B: 105 – 119 C: 90 – 104 D: 75 – 89 E: 60 – 74 F: 50 – 59 FF: 45 – 49 G: 38 – 44 GG: 30 – 37 H: 0 – 29	
VLAK 2 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie is relevant.	A 43 – 46	A- 40 – 42	B+ 38 – 39				
VLAK 3 Vraag tot 'n groot mate beantwoord. Inhoud voldoende gedek en relevant.	B+ 38 – 39	B 36 – 37	B- 35	C+ 33 – 34			
VLAK 4 Gestelde vraag is herkenbaar in antwoord. Effens onvoltooid en meestal relevant.			C+ 33 – 34	C 31 – 32	D+ 28 – 29		
VLAK 5 Feite hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Gebreke t.o.v. omvang (soms irrelevanthe).				C- 30	D 26 – 27	E+ 23 – 24	
VLAK 6 Feite hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Inhoud skraal (soms irrelevanthe).					D- 25	E 21 – 22	E- 20
VLAK 7 Vraag ontoereikend of glad nie beantwoord nie. Inhoud skraal of ontoereikend. Grootliks/ heeltemal irrelevant						E- 20	F 13 – 19 G 07 – 12 H 00 – 06




Kopiereg voorbehou

Blaai asseblief om

AFDELING A:

OPSTELVRAE

- NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY 'n SPESIFIEKE SENTRUM IN GEBRUIK IS
- KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING OF SAMEVATTING Hê AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'n RIGLYN VIR NASIEN VAN 'n SPESIFIEKE OPSTEL
- IN DIE ASSESSERING VAN BRONGEBASEERDE VRAE MOET KREDIET AAN KANDIDATE GEGEE WORD VIR ENIGE RELEVANTE ANTWOORD



AFDELING A: OPSTELVRAE**VRAAG 1A: DIE PERIODE 1924 TOT 1948**

Bespreek Generaal JBM Hertzog se strewe na soewereine onafhanklikheid vir Suid-Afrika tussen 1926 en 1934.

SINOPSIS

Die antwoord moet aandui die stappe wat geneem is deur Hertzog in sy strewe vir konstitusionele onafhanklikheid tussen 1926 en 1934.


LW: Die hoofaspekte ('bullets') moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.

HOOFASPEKTE

Inleiding: Kandidate moet Hertzog se begeerte vir soewereine onafhanklikheid aandui.

UITBREIDING

- Die posisie van die dominiums na Hertzog aan bewind gekom het (wetlik was hulle ondergeskik aan Brittanje)
- Die Rykskonferensie van 1926 (Hertzog wou duidelikheid oor die status van SA en die dominiums verkry)
- Die Balfourverklaring van 1926 (die status van SA en ander dominiums gedefinieer)
- Die Departement van Buitelandse Sake (Die stigting van die Departement het SA se onafhanklikheid gedemonstreer)
- Die Statuut van Westminster, 1931 (Was 'n Britse wet wat die beginsels van die Balfourverklaring vervat het)
- Die Status en Seëlwette, 1934 (Dit het SA se onafhanklikheid beskerm deur die Statuut van Westminster in Suid-Afrikaanse wet te vervat)
- Samevatting: Kandidate moet hul argument saamvat deur aan te toon dat Hertzog was 'n integrale deel in die verkryging van soewereine onafhanklikheid teen 1934.

[50]

VRAAG 1B: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

Beskryf die tien jaar in Suid-Afrikaanse politiek, vanaf 1929 tot 1939, as 'n periode van koalisie, samesmelting en skeuring.

SINOPSIS

Kandidate moet die verskeie faktore beskryf wat koalisie, samesmelting en skeuring in Suid-Afrika tussen 1929 en 1939 laat plaasvind het.


LW: Die hoofaspekte ('bullets') moet gebruik word om aan die vraag se vereisteste voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet die omstandighede aandui wat tot wat koalisie, samesmelting en skeuring in Suid-Afrika tussen 1929 en 1939 gelei het.

UITBREIDING

- Faktore wat die koalisie in 1929 gelei het
- Redes vir en die gevolge van samesmelting (vorming van splintergroepe)
- Politieke hergroepering (koppel met persoonlikheidsverskille; Afrikaner vs Engelse)
- Die gevolge van die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog (neutraliteit vs deelname)
- Die skeuring van die Verenigde Party in 1939
- Samevatting: Kandidate moet hulle argumente saamvat deur aan te dui hoe verskeie faktore in die tien jaar tussen 1929 en 1939 gelei het tot die koalisie, samesmelting en skeuring in Suid-Afrikaanse politiek. **[50]**



VRAAG 2A: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

Beskryf die bydrae wat deur die eerste ministers van die Nasionale Party tussen 1948 tot 1961 gemaak is, in die stigting van die Republiek van Suid-Afrika.

SINOPSIS

Kandidate moet aantoon die bydrae wat deur die Nasionale Party eerste ministers gemaak is tussen 1948 tot 1961 wat gelei het stigting van die Republiek van Suid-Afrika.


NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag en vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet die redes vir die stigting van die Republiek van Suid-Afrika inlei

UITBREIDING

- Ontwikkelings onder D F Malan, (1948 –1953) (fokus op die breek van bande met Brittanje deur klein grondwetlike veranderinge)
- Ontwikkelings onder J G Strijdom, (1953 –1958) (beklemtoon die simboliese veranderinge bv. vlag, stem, amptelike terme gebruik, ens.)
- Ontwikkelings onder H F Verwoerd, (1958 –1961)(besluit om 'n republiek te skep en die onttrekking uit die Britse Statebond)
- Samevatting: Kandidate moet hulle argumente saam vat deur aan te dui hoe die bydrae van die Nasionale Party eerste ministers daarin geslaag het om Suid-Afrika 'n republiek te maak.

[50]

VRAAG 2B: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

Verduidelik hoe die weerstand teen die apartheidsregering versterk het sedert die tyd van die Sharpeville slagting in 1960 tot die Soweto opstand in 1976.

SINOPSIS

Kandidate moet die verskeie redes vir die intensifikasie van weerstand tussen 1960 en die 1976 Soweto opstand, aandui.


*LW: Die hoofaspekte ('bullets') moet gebruik word om aan die vraag se vereisteste voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. **Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.***

HOOFASPEKTE

Inleiding - Fokus op die die redes vir weerstand.

UITBREIDNG

- Die ANC se weerstandstaktiek voor 1958 en die stigting van die PAC (agtergrond)
 - Sharpeville (1960) en die gevolge/nasleep
 - Verbanning van weerstandsbewegings en aanhoudings
 - Die stigting van *Umkhonto we Sizwe* en POQO
 - Bombardering van staatsgeboue en installasies
 - Liliesleaf Farm en die Rivonia Verhoor
 - The African Resistance Movement (ARM), die Swartbewussynsbeweging (Black Consciousness Movement (BCM), die South African Students' Organisation (SASO), ens.
 - Soweto, 1976
- Samevatting: Kandidate moet die argument saamvat en aandui hoe die weerstand tussen 1960 en 1976 in intensiteit toegeneem het.

[50]

VRAAG 3A: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

Bespreek die rol wat die swart vakbondbewegings in die weerstand teen die Suid-Afrikaanse regering in die 1980's gespeel het .

SINOPSIS

Kandidate moet fokus op die belangrikheid van die ontwikkeling van die vakbonde vir die weerstand teen apartheid in die 1980's.

*LW: Die hoofaspekte ('bullets') moet gebruik word om aan die vraag se vereisteste voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. **Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.***


HOOFASPEKTE

Inleiding: Kandidate moet die rol van swart vakbonde in die vryheidstryd in Suid-Afrika in die 1980's, aantoon.

UITBREIDING

Vir elk van die volgende aspekte moet die bydrae van die vakbonde beklemtoon word:

- Opkoms van werkervakbondwese na die Wiehan Kommissie
 - Redes vir die stigting van die Federation of South African Trade Unions (FOSATU)
 - Council of Unions of South Africa (CUSA)
 - Nie-affilieerde unies, bv. South African Allied Workers Union (SAAWU)
 - General Workers Union (GWA) en die National Union of Mineworkers(NUM)
 - Congress of South African Trade Unions (COSATU)
-
- Samevatting: Kandidate moet hulle argumente op 'n logiese wyse saamvat. Hulle moet aandui hoe belangrik hulle dink die rol van swart vakbonde was om Suid-Afrika te bevry.

[50]

VRAAG 3B: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

Verduidelik die verloop van onderhandelinge tussen 1990 en 1994 wat die ontstaan van 'n nuwe demokratiese Suid-Afrika moontlik gemaak het.

SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik hoe die proses van onderhandelinge onder verskillende politieke partye uiteindelik gelei het tot die stigting van 'n demokratiese Suid-Afrika in 1994.

LW: Die hoofaspekte ('bullets') moet gebruik word om aan die vraag se vereisteste voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.


HOOFASPEKTE

Inleiding: Dit moet fokus op die redes vir onderhandelinge onder die verskeie politieke partye tussen 1990 en 1994.

UITBREIDING

- Die besluit ten gunste van onderhandelinge (waarom onderhandelinge) – kort oorsig
- Die ontbanning van politieke organisasies
- Die vrylating van Nelson Mandela en ander politieke gevangenes.
- Die rol van verskillende gebeurtenisse en ontwikkelinge, bv. Grootte Schuur Minuut, die Pretoria Minuut, CODESA I & II, die ontstaan van COSAG, geweld in Boipatong, Natal en elders, regse aktiwiteite, die rol van APLA, ens.
- Versterking van onderhandelinge, kompromieë en toewyding
- Die eerste demokratiese verkiesing van April 1994 (vlag en nasionale volkslied simboliseer trou aan die nuwe demokrasie) en die begin van 'n nuwe nasie.

Samevatting: Kandidate moet hulle argumente saamvat deur aan te toon hoe die onderhandelingsproses die nuwe orde in Suid-Afrika moontlik gemaak het. **[50]**




AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE**DIE NASIEN VAN BRONGEBASEERDE VRAE**

- By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet toegeken word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet seker gemaak word of daar aan die vereistes van die vraag voldoen is of nie.
- In hierdie riglyne vir nasien word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van vraagstelling aangedui in kursiefgedrukte skrif.

VLAKE VAN BRONGEBASEERDE VRAAGSTELLING

VLAKE 1 (V 1)	Seleksie/ onttrekking van inligting uit bronne.
VLAKE 2 (V 2)	Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van een bron en breë kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak.
VLAKE 3 (V 3)	Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van meer as een bron en breë kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak.
VLAKE 4 (V 4)	Komplekse interpretasies wat dikwels meer as een bron behels. Hierdie vrae konsentreer op aspekte soos bevooroordeeldheid, betroubaarheid, die gebruik van organiseringsbegrippe (ooreenkoms en verskil, oorsaak en gevolg, chronologie; verandering en kontinuïteit) om kontraste, vergelykings en verskillende standpunte te verduidelik en as 'n finale stap om hierdie insigte aan te wend om 'n paragraaf te skryf of, met ander woorde, om 'n stukkje geskiedenis te skryf wat gebaseer is op bewyse uit die bronne.



VRAAG 4: DIE PERIODE 1924 TOT 1948**4.1 WATTER IMPAK HET DIE TWEDE WêRELDOORLOG OP SWART SUID-AFRIKANERS GEHAD?**4.1.1 a) *[Uittreksel van bewyse uit Bron 4A – VL1]*

- Sou terugkeer na 'n nuwe Suid-Afrika
- Sou goed beloon word (2 x 1)


b) *[Interprestasie van bewyse uit Bron 4A – V2]*

Nee, hulle het geeneen van Smuts se beloftes ontvang nie

- Hulle het geen materiaal, opvoedkundige of pensioenvoordele ontvang nie
- Inteendeel, hulle was slegter daaraan toe (2 x 2)

c) *[Uittreksel van bewyse uit Bron 4A – V1]*

- Kakiepak
- 'n kombers
- Menigte sertifikate
- Medaljes
- Vyf pond



(enige 4 x 1)

d) (i) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4A – V2]*

- Smuts se beloftes het nooit gematerialiseer nie
- Wit soldate het meer voordele ontvang as swart soldate (2 x 2)

(ii) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4A – V2]*

- Hy het by die ANC aangesluit
- Het teen die regering geveg vir sy menseregte (2 x 2)

e) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4A – V2]*

- Dit is moeilik om te glo want die Afrikane se belange het nie deel uitgemaak van die doelwitte van die oorlog nie
- Afrikane het nie geglo wat aan hulle vertel was oor die oorsake van die oorlog nie (2 x 2)

f) *[Uittreksel van bewyse uit Bron 4A – V1]*

- Afrikane wou graag sien dat almal in die wêreld gelyke regte moet geniet
- Afrikane het die onafhanklikheid van ander gerespekteer (2 x 1)

g) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4A – V1]*

- Beide die Engelse en die Duitsers het verskeie Afrika lande gekoloniseer
- Daar was geen verskil in die metodes wat deur die koloniserende magte gebruik was nie: hulle het dieselfde metodes in die kolonisasie proses gebruik. (2 x 3)

h) *[Vergelyking van bewyse uit Bron 4A – V3]*

Beide Mokgatle (perspektief 4) en Kotane (perspektief 3) het

die volgende soortgelyke sienings (omtrent die Jode en swart Suid-Afrikaners):

- Ontneem van vryheid van beweging (het passe gedra)
- Was onderdruk
- Van opvoeding ontsê
- Ontneem van gelyke werksgeleenthede
- Het nie deelname aan die Tweede Wêreldoorlog ondersteun nie (enige 2 x 2)

4.1.2 [Vergelyking van bewyse uit Bronne 4A en 4B-V4]

- Bron 4B wys swart soldate wat assegaie dra
- Bron 4A (Graham Morodi) beweer dat hulle slegs toegelaat is om vuurwapens te hanteer, maar nie om daarmee te skiet nie; hulle het assegaie gedra. (2 x 2)

4.1.3 [Evaluering en sintese van inligting uit al die bronne – V4]


Die paragraaf moet gebaseer wees op bewyse uit die bronne en moet fokus op die volgende aspekte wat swart Suid-Afrikaners van segregasie in die weermag bewus gemaak het:

- Teruggekeerde swart en wit soldate was verskillend behandel (betaling, voordele, pensioene, ens.)
- Smuts het nie by sy beloftes gehou nie
- Baie teruggekeerde soldate het die idee van vryheid en demokrasie verstaan
- Teruggekeerde swart soldate het polities bewus geword
- Het besef hulle moet vir hul vryheid veg
- Afrika Nasionalisme het gegroei
- Enige ander relevante punt.

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Kan nie bewyse onttrek nie • of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse. • Gebruik bewyse in 'n mate om oor die onderwerp verslag te doen • of kan nie oor onderwerp skryf nie. 	0 – 4 punte
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is • Bewyse wat onttrek is hou in 'n groot mate verband hou met die onderwerp • Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse. 	5 – 8 punte
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek relevante bewyse uit bronne • Bewyse wat onttrek is hou baie goed met die onderwerp • Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf • Paragraaf toon 'n begrip van die onderwerp. 	9 – 12 punte

(12)
[50]



VRAAG 5: DIE TYDPERK 1948 TOT 1976**5.1 WATTER EFFEK HET DIE PASWETTE OP SUID-AFRIKAANSE VROUE IN DIE 1950' GEHAD?****5.1.1 a) [Onttrek bewyse uit Bron 5A – V1]**

Die vroue het geweet dat paswette beteken:

- Gevangenisstraf
- Gebroke huise
- Leiding en ellende
- Hongerte en werkloosheid
- Passe was 'n belediging
- Dit ondermyn hul integriteit

(enige 3 x 1)

b) [Interpretasie van bewyse uit Bron 5A – V2]

- Beperk swart vroue tot een area
- Beheer die beweging van swart vroue
- Verseker goedkoop arbeid aan wit besighede

(enige 1 x 2)

c) [Evaluering van Bron 5A – V2]

- Om vir 'n verwysingsboek te betaal, was om slawerny te ondersteun (swartmense het die verwysingsboek as 'n vorm van slawerny beskou)
- 'n Verwysingsboek het geen vryheid toegeken nie
- Swartmense het gevange gevoel; hulle was beheer en hul persoonlike waardigheid is aangeraak
- Enige ander relevante antwoord

(enige 3 x 2)

d) [Interpretasie van Bron 5A – V2]

Kandidate moet verduidelik:

- Die vroue het aktief betrokke geraak en verenig teen apartheidswette
- Hulle het met een stem (single voice) geprotesteer
- Hulle sou alle areas organiseer om te afskaffing van die paswette te verkry
- Hulle sal veg teen die wrede aanval op hul vryheid

(2 x 2)

5.1.2 a) [Onttrek bewyse uit Bron 5B – V1]


- Die vroue het gevoel dat hulle aksie moes neem
- Hulle was bekommerd oor die impak wat paswette op mense se gesinslewe sou hê

(2 x 1)

b) [Interpretasie van bewyse uit Bron 5B – V2]

- As hulle in groter groepe beweeg het sou dit as 'n vergadering en 'n optog beskou word – en die was onwettig
- Die polisie sou straffende aksie neem

(enige 1 x 2)



c) [Onttrek bewyse uit Bron 5B – V1]

- '20 000 arms het opgegaan'
- 'wagtend op ons, styf teenmekaar'
- '...teruggekeer na die duisende vroue, wagtend...'
- 'die enigste stuk grond sigbaar die grys terras wat na die trappe lei' (enige 2 x 1)

d) [Interpretasie van bewyse uit Bron 5B – V3]

- Uit respek en waardigheid
- Sy was emosioneel / onseker
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2)

e) [Vergelyking en interpretasie van bewyse – V3]

- Entoesiasies
- Militant
- Gevoelens van verwagting
- Vol van gees / durf
- Woede
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2)

f) [Interpretasie van bewyse uit Bron 5B – V2]


- Dit wys die vroue se woede en ongelukkigheid
- Dit reflekteer die vroue se vasbeslotenheid om vir vryheid te veg
- Dit wys die vroue se krag (enige 1 x 2)

5.1.3 a) [Onttrek bewyse uit Bron 5C – V1]

- Sy was tevrede met die protesoptog
- Sy was gelukkig dat die vroue hul krag en vasbeslotenheid gewys het om die rasistiese wette te beveg (enige 1 x 1)

b) [Interpretasie van bewyse uit Bron 5C – V2]

- Die regering het nie geglo dat swartvroue in staat is om die optog te organiseer nie
- Die regering het gevoel dat vroue was ondergeskik en het min kennis van politiek (enige 1 x 2)



c) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 5C – V2]***Die stelling is akkuraat**

- Vroue van ander rasse het swart vroue in die optog vergesel
- Die vroue het dieselfde begeertes en behoeftes, ongeag hul ras
- Daar was 'n gevoel van vriendskap en simpatie onder alle vroue
- Enige ander relevante antwoord

(enige 2 x 2)

d) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 5C – V3]*

Kandidate moet in hul antwoorde na beide Strijdom en Luthuli verwys:

- JG Strijdom het die protes van swartvroue as skandalig beskou
- Hy het nie geglo dat hulle op eie inisiatief opgetree het nie
- Albert Luthuli het die rol van die vroue besef en respekteer
- Luthuli het geglo dat die betrokkenheid van vroue in die stryd het 'n groot hupstoot vir die bevryding van alle Suid-Afrikaners verskaf
- Vroue van van alle rasse het minder aarseling getoon om saam te werk as die mans

(2 x 2)

e) *[Analise en interpretasie van bewyse uit Bron 5C – V3]*

Kan regverdig word


- Die vroue het 'n groot impak gemaak
- Die vroue het minder as die mans getwyfel om 'n gemeenskaplike rede ten opsigte van belangrike geskildpunte te verkry
- Die vroue het sterkte en vasberadenheid getoon
- Die vroue het die vryheidstryd ondersteun
- Enige ander relevante antwoord

(enige 1 x 2)

5.1.4 *[Evaluering en sintese van inligting van al die bronne – V4]*

Die paragraaf moet gebaseer word op bewyse uit die bronne en die kandidate se eie kennis en moet op die volgende aspekte fokus:

- Die rol en betekenis van FEDSAW om vroue in die stryd teen paswette te verenig
- Die belangrikheid van die tekening van petisies teen die paswette
- Die eenheid en solidariteit wat vroue getoon het in hul opmars na die Uniegeboue in 1956
- Die belangrikheid van die 1956 optog vir vroueregte en broederskap
- Die impak van die optog op die breër stryd vir vryheid en demokrasie
- Enige ander relevante punt




Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Kan nie inligting onttrek nie • Onttrek inligting uit die bron op 'n basiese wyse • Gebruik bewyse om gedeeltelik oor die onderwerp te skryf • Kan nie oor die onderwerp skryf nie 	Punte 0 – 2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek bewyse wat meestal relevant is • Hou tot 'n groot mate verband met onderwerp • Gebruik bewyse van die bronne in 'n basiese wyse 	Punte 3 – 5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek bewyse van die bronne • Onttrek bewyse wat goed met onderwerp verband hou • Gebruik bewyse baie effektief, in 'n georganiseerde Paragraaf en toon begrip van onderwerp 	Punte 6 - 8

(8)

[50]



VRAAG 6: DIE TYDPERK 1976 TOT 19946.1.1 a) *[Onttrek van inligting uit Bron 6A – V1]*

- Wit agente
- Oorsese samesweerders van lande soos die VK, Belgia en Kanada

(2 x 1)

b) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 6A – V2]*

- Swart Suid-Afrikaners op grondvlak was nie instaat om sabotasie veldtogte te organiseer nie
- Hulle het die hulp van wit Suid-Afrikaners nodig gehad om sabotasie veldtogte te loods

(2 x 1)

c) *[Bepaal die akkuraatheid van bewyse uit Bron 6A – V3]***Nie akkuraat**

- Die SAW het blindweg verskeie aanvalle op naburige lande geloods
- Die SAW het intense mag gebruik om die politieke, ekonomiese en sosiale struktuur van naburige lande te destabiliseer

Akkuraat

- Die regering het pogings aangewend om met naburige lande te onderhandel om nouer ekonomiese en politieke bande aan te knoop
- Die regering het aanvalle geloods op 'terroriste' teikens in naburige lande in 'n poging om sy grense van aanvalle van buite te beskerm en om die infiltrering van 'vyande' te verhoed

(2 x 2)

d) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 6A – V2]*


- Suid-Afrika was aangeval deur sogenaamde 'terroriste'
- In die lig van die militêre invalle het hulle dit nodig geag om Suid-Afrika se grense en sy mense te beskerm

(2 x 2)

6.1.2 a) *[Interpretasie en evaluering van bewyse uit Bron 6B – V2]*

- Dit was in die nabyheid (maklike toegang) om teenaanvalle teen Suid-Afrika te loods
- Dit het 'n veilige plek vir ANC soldate (cadres) gebied om hul besigtiging en verkenningswerk te doen ter voorbereiding van hul militêre aanvalle op Suid-Afrika
- Strategies geleë om bruikbare en kritieke inligting te verkry vanaf die ANC hoofkwartiere in Lusaka en selle (cells) binne Suid-Afrika

(enige 2 x 2)



b) *[interpretasie van bewyse uit Bron 6B – V2]*

- Die Suid-Afrikaanse weermag was strateë en het guerilla taktieke in hul aanvalle gebruik
- Die Suid-Afrikaanse weermag het Russies vervaardigde voertuie gebruik om te verseker dat niemand hulle verdink nie (soos die SA regering het die Kommuniste en Russe gehaat het)
- Deur Russies vervaardigde voertuie te gebruik het die SAW hulself vermom (kamoeffleer) en sodoende 'n verrassingsaanval op die ANC soldate in Matola geloods

(enige 1 x 2).

6.1.3 a) *[Ekstrapolering van bewyse uit Bron 6C – V2]*

- Hulle was geskok en verslae
- Hulle het beide in stilte gehuil weens die lewensverlies

(2 x 2)

b) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 6C – V1]*

- Hy was baie kwaad
- Hy het gevoel dat die metodes wat die SAW gebruik het, wreed was
- Hy gee 'n duidelike beskrywing van die vernietiging wat plaasgevind het
- Hy verwys na die soldate as 'bloeddorstig'

(enige 2 x 1)

c) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 6C – V2]*

- Die ANC het sy lede (cadres/soldate) waardeur wat vir vryheid en demokrasie geveg het
- Die organisasie het sy lede van "rank and file" gerespekteer
- Die leierskap het hul solidariteit en ondersteuning in tye van nood bewys (veral in gevalle waar soldate gedood is)

(enige 2 x 2)

d) *[Interpretasie van bewyse uit Bronne 6B en 6C – V3]*


- Bron 6C gee 'n geskrewe verslag van die omvang van die skade wat deur die aanval veroorsaak is (gatte in die gebou en die mure het inmeekaargeval) terwyl,
- Bron 6B (foto) wys die visuele impak en die omvang van die verwoesting wat deur die aanval op Matola veroorsaak is

(2 x 2)

6.1.4 a) *[Interpretasie van bewyse in bron 6D – V2]*

- Botha het gevoel dat ANC soldate was 'terroriste' omdat hulle aanvalle op Suid-Afrikaanse burgers en regeringsgeboue geloods het
- Die ANC kaders het Botha se regering gedestabiliseer
- Het ekonomiese, sosiale en politieke onsekerheid binne en buite die land veroorsaak

(enige 2 x 2)



b) [Ekstrapolering en sintese van inligting – V3]

Leerders mag enige van die volgende antwoorde verkies**Botha was akkuraat omdat:**

- Hy was in gereelde kontak met die 'wettige' swart leiers (tuisland) en hulle het die gebrek aan ondersteuning/ afkeer in die Sowjet Unie, Marxisme en die ANC aangedui (die leiers was 'marionette' van die apartheidsregering)
- Hulle het Botha se beleid ondersteun
- Enige ander relevante antwoord

Botha was onakkuraat omdat:

- Hy kon nie praat namens swart Suid-Afrikaners nie
- Was anti-Kommunisties in sy uitkyk
- Het die stellings gemaak om sy regering se aksies te regverdig (enige 2 x 2)

6.1.5 [Evaluering en sintese van inligting uit al die bronne – V4]

Die paragraaf moet gebaseer wees op die bewyse uit al die bronne en moet op die volgende aspekte fokus:

- Die SAW het weerwraak geneem met oor die grens aanvalle om ANC/PAC vestings te vernietig
- Aanvalle op ander onafhanklike Afrika lande
- Aktiwiste was gedood en cells vernietig
- Effekte/ impak van hierdie doding/doodslag op weerstandsorganisasies en op die SA regering
- Skending van die integriteit van onafhanklike state
- Enige ander relevante punt

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Kan nie bewyse onttrek nie • of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse. • Gebruik bewyse in 'n mate om oor die onderwerp verslag te doen • of kan nie oor onderwerp skryf nie. 	0 – 3 punte
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is • Bewyse wat onttrek is hou in 'n groot mate verband hou met die onderwerp • Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse. 	4 – 6 punte
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek relevante bewyse uit bronne • Bewyse wat onttrek is hou baie goed met die onderwerp • Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf • Paragraaf toon 'n begrip van die onderwerp. 	7 – 10 punte

(10)
[50]
150

TOTAAL:

